

INHOUDSOPGAWE

Hoe bly jy geesdriftig?	1
Hoë verwagting	6
'n Nuwe naam	7
Staan vas in die Here	9
Groei saam in die geloof	11

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

HOE BLY JY GEESDRIFTIG?

HJ Messelink

'n Gesprek oor gebrek aan geesdrif in die kerk

Hans: 'Ek dink dis maar 'n vervelige storie in die kerk.'

Gert: 'Hoekom?'

Hans: 'Wel, tydens die erediens is die meeste mense nie baie geesdriftig nie. 'n Mens sal nou nie juis kan sê dat hulle gesigte van blydschap straal nie. Hier en daar knip iemand selfs 'n uiltjie. En die helfte van die mense is nie eers betrokke by Bybelstudie nie. Mense kry eers lewe as hulle na die erediens of Bybelstudie kan praat oor TV-programme, motors en sport.'

Gert: 'Oordryf jy nie nou 'n bietjie nie? Daar is tog ook heelwat positiewe dinge wat mens kan uitwys? Daar is tog nie nét onverskilligheid nie?'

Hans: 'Ja, maar ons sien so min geesdrif. Alles is dikwels so traag. Dan is dit vir my baie moeilik om self geesdriftig en opgewonde deel te neem aan die kerklike lewe.'

Ek glo dat die inhoud van hierdie gesprek nie vir u vreemd sal voorkom nie. Dit wat Hans hier uitwys, is 'n klag



wat mens baie hoor. Waar 'n mens buite die kerkmure baie keer entoesiasme raakloop vir Christus se saak, vind ons in die kerk dikwels onverskilligheid, gemaksug en 'n gebrek aan opregte geesdrif vir die diens aan die Here. Hoe kan 'n mens dit verander? Moet die verandering by myself begin?

Hoe bly jy geesdriftig in die kerk?

Ware geesdrif

Wanneer die vraag gevra word, hoe jy geesdriftig in die kerk kan bly, moet 'n mens éérs 'n ander vraag

beantwoord: Hoe wórd jy geesdriftig? Daarmee saam is dit belangrik om geesdrif nie te verwar met idealisme nie.

Wat is idealisme? Dit is om, wat die geestelike lewe betref, baie ideale te hê wat jy graag verwesenlik wil sien en waarvoor jy al jou kragte inspan. Jy wil dinge in die kerk verander; mense aktief betrokke maak; jy wil die Bybelstudies laat blom; jy wil 'n geesgedrewe evangelisasiekommissie hê wat die hele gemeente inspireer om aktief deel te neem. Jy wil baie dinge hê. Maar wanneer die werklikheid anders is en jy jou elke keer teen 'n muur vasloop, kan jou idealisme sommer gou verdwyn en dan gee jy gou teleurgesteld moed op.

Hiermee bedoel ek nie dat dit verkeerd is om ideale te hê nie. Jy mag gerus ideale koester. Die vraag is net of jy op die regte manier begin het. Waar kry jy jou krag vandaan om aktief in die kerk te wees? Wat dryf jou? Wat inspireer jou? Ook anders gesê: 'Wat is *ware* geesdrif in die kerk?'

Vir die antwoord op bogenoemde vrae wil ek jou graag verwys na wat Paulus in Efesiërs 5:18 skryf: "*Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.*" In hierdie vers is 'n groot teenstelling. In Efese was daar blykbaar gemeentelede wat hulself aan drank te buite gegaan het. Daar was gereeld heidense feeste in Efese waarby baie wyn gedrink is. Die mense het eers ordentlik op dreef begin kom wanneer die alkohol iets in hulle losgemaak het. Die alkohol inspireer hulle en die wyn maak die tonge los. Maar dit wat dan vorendag gekom het, was niks goeds nie. Paulus praat van losbandigheid, alle brieke het losgeraak. Die vuilste dinge wat in die hart van die mens is, kom uit.

Nou sê Paulus vir die gemeente in Efese dat

hulle hul nie moet vol maak met alkohol nie, maar hulle moet vol word van die Heilige Gees. Hy moet jou inspireer en aktief maak. Hoe werk dit? Hoe word jy vol van die Heilige Gees? Jy moet bid daarvoor. Deur jou daaglikse gebed maak jy jou hart oop vir die Heilige Gees en Sy werk. Dit gebeur ook deur daaglikse omgang met die Bybel, die Woord van die Gees.

Dit is waarmee dit begin. Ware geesdrif is die werk van die Heilige Gees. Daardie entoesiasme is 'n gawe van God en daarom nie in die eerste plek 'n saak van idealisme wat sommer gou weer verdwyn of onderdruk kan word, nie. In hierdie verband wil ek graag verwys op Galasiërs 5:22 waar liefde en blydschap *vrugte* van die Gees genoem word. Jy kan blydschap in die kerk, geesdrif vir die diens van die HERE, *ontvang*.

In reaksie op die gebed maak die Gees ons bly en geesdriftig!

Dit is nie eienskappe wat een persoon wel en 'n ander persoon nie het nie. Nee, dit is hemelse geskenke wat vir ons almal gereed lê. Ons moet net daarvoor vra. In reaksie op die gebed maak die Gees ons bly en geesdriftig! Dit is nie iets tydelik nie. Die Gees wil jou elke dag aanvuur en geesdriftig maak.

So 'n sig op die werk van die Gees voorkom ook dat onself totaal moedeloos word na slegte ervarings in die kerk. Sulke slegte ervarings sal ongelukkig nie verdwyn nie, maar jy put jou krag nie uit ideale nie, maar uit die werk van die Heilige Gees. Jy het immers 'n onuitputlike bron tot jou beskikking! Die vuur van die Heilige Gees kan jou elke dag verwarm.

Dit gebeur nie buite jouself om nie. Paulus sê vir Timoteus dat hy die gawe van God in homself

Geloof is 'n lewende, rustelose ding. Dit kan nie onaktief wees nie.

- Martin Luther

moet aanwakker (2 Timoteus 1:6). Dit is die beeld van 'n vuur wat smeul, maar wat weer opvlam sodra dit geblaas word. Hieruit blyk baie mooi en duidelik dat dít wat die Gees ons gee, nooit vanselfsprekend sy werk doen nie. God se gawes werk altyd deur dit wat ons doen. Jy kan God se gawes ook laat verroes. Dan beteken ons niks meer in of vir die kerk nie. Ons moet hulle aanwakker deur daarmee besig te bly.

Mekaar aanspoor in die kerk

Dit was belangrik om eers te wys hóe jy net op die regte manier geesdriftig en bly kan word in die kerk. Maar, dit verander nie juis veel nie. Veronderstel dat jy hiermee saamstem, jou laat aanvuur deur die Heilige Gees en jou hande uit jou moue steek. Dan loop jy jouself nog steeds vas in 'n groot mate van traagheid in die kerk. Hoe kan so iets verander word? Vóórdat ons hierop 'n antwoord probeer kry, moet ons eers soek na die oorsaak van hierdie traagheid.

Hoekom is daar so min lidmate aktief betrokke by die Bybelstudies? Hoekom is daar so min belangstelling om op die evangelisasiekommissie te dien? Hoekom is daar soveel laksheid in die kerk?

Is dit nie omdat daar in die kerk 'n te geringe besef aanwesig is dat ons vir die *Here* lewe nie? Dat dit heeltemal normaal is om ons hele bestaan aan God te wy? Dat dit eie aan 'n Christen is om God se Naam te bely, homself te offer in dankbaarheid en om te veg teen die sonde en die duiwel?

Ek glo dat in die ontbreking van hierdie besef 'n

verklaring gevind kan word vir so baie ongeïnteresseerdheid in die kerk.

Ons is mos gesalf met die Heilige Gees? Ons is mos met alles in ons verbind aan ons Here Jesus Christus, wat ons gekoop het met sy bloed? Dan is dit mos die normaalste saak in die wêreld dat ons onself vir die *HERE* gee? Maar wanneer hierdie dinge nie meer in die kerk lewe nie, oorval die louheid ons en dink ons dat so 'n kerklike lewe normaal is.

Daarom lê die bestryding van traagheid in die kerk eerstens hierin, dat mense weer hierdie dinge ontdek. Mense wat 'wel glo', moet weer tot 'n dieper geloof gebring word, naamlik: dié geloof dat hul lewe duur gekóóp is en daarom toegewy is aan die *HERE*. Hulle moet weer glo, dat hulle in die kerk net normaal funksioneer wanneer hulle daar is vir Góð.

Hierdie geloof moet deur die Heilige Gees in hul harte gewerk word, deur die prediking elke Sondag en tydens huisbesoek deur die week. Slegs so kan die Gees lakse mense lewendig maak. Net op hierdie manier word trae mense weer geesdriftig. Met ander woorde: daar moet dus goed gepreek word. Daarmee bedoel ek nie dat 'n predikant net 'n goeie verduideliking van 'n bepaalde teks moet gee nie (ja, dit ook!). Ek bedoel hiermee dat die preek die mense moet wakker skud, moet aanvuur en verwarm. Daarin het die predikant 'n belangrike taak. Natuurlik kan hy nie die werk van die Gees vervang nie. Die Gees moet dit in die harte van mense doen déúr die preek. Die predikant is wel die werktuig in Sy hand. Daarom moet daar ook warm liefde in die preek deurkom. Daar moet 'n vuur brand wat die



(Oor geloof en werke): Wat ons red is geloof alleen. Maar die geloof wat ons red is nooit alleen nie.

- JI Packer

mense warm máák ... in vuur en vlam. Sy woorde moet die harte van die mense aanraak, sodat hulle weer sién hoe ryk hulle is en hul weer vanuit hierdie rykdom begin lewe. Daar moet 'n stuk besieling in die prediking wees wat aansteeklik werk. 'n Smeulende vlammetjie maak jou nie warm nie, maar 'n massiewe bosbrand kan dit wel regkry. So wil die Heilige Gees die lidmate aanvuur en aanspoor.

Hulle moet weer glo, dat hulle in die kerk net normaal funksioneer wanneer hulle daar is vir Gód.

Ook op die huisbesoeke moet gepraat word, met oud en jonk, oor die toewyding van die lewe aan God en die persoonlike omgang met die HERE. Dit moet indringend en reg op die man af gebeur. Op hierdie manier word gemeentede gestimuleer om offers te bring, om tyd en krag vir die gemeente te gee, byvoorbeeld vir Bybelstudiewerk.

Ek sou dus allereers die aandag wil vestig op die belang van die werk van die ampsdraers. Hul moet hul geleentheid tot dienswerk ten volle benut. Op hierdie manier kan die Heilige Gees self te werk gaan in die gemeente en vuur maak in die harte van mans, vrouens, seuns en dogters. Dan sal die bereidwilligheid groei om jou in te span vir die kerk van Christus en dan kom die besef dat jy moet betrokke wees en daar nie 'n ander moontlikheid is nie. Maar dit alles begin met die gelóóf, die geloof wat deur die Heilige Gees in ons harte gewerk word deur die Woord van God. Wanneer dít ontbreek, kan jy net so wel ophou werk in die kerk.

Ons moet dus altyd by die begin begin. Net so min soos 'n mens regkom met allerlei ideale in jou persoonlike lewe, net so werk dit ook in die

kerk. Die Gees doen die werk. Dit is nie 'n sinnetjie wat ons passief maak nie, maar wel een wat ons wys hóé die kerk 'n lewende, geesdriftige kerk kan wees. Die Gees doen die werk, maar Hy werk déúr mense, deur gebed en omgang met die Bybel, deur die prediking en die huisbesoek. Ons sal altyd weer uit hierdie bronne van die Gees moet put. Dit is die enigste goeie medikasie wat help teen die siektes van ongeïnteresseerdheid en traagheid in die kerk.

Nugterheid is ook belangrik

Wanneer ons praat oor 'n gebrek aan geesdrif en deelname in die kerk, moet ons wel nugter bly. Ons moenie dink dat ons iewers 'n volmaakte kerk gaan vind nie. Ons moet onthou dat die kerk uit sondige mense bestaan. Dit sal ons daarvan weerhou om ongegrond optimisties te wees en 'n perfekte kerk te verwag. Die kerk is nie die eindproduk van volmaakte gelowiges nie, maar die vergadering van verlore sondears wat nog elke dag moet stry teen die doodsvyande - sonde, duiwel en eie vlees. Dit geld vir ons almal in die kerk. Daarom moet ons nie die kerk afskryf as ons bepaalde probleme sien nie. Ons weet almal hoe vinnig dit kan gebeur! 'n Mens moet altyd besef dat die kerk 'n volk is waarvoor die Here Jesus sy bloed gestort het en slegs dáárom is dit kosbaar. Hierdie kerk mag jy liefhê en daarvan mag jy 'n lewende lidmaat wees.

Dit is nie altyd maklik nie. Jy kan teleurgesteld raak in mense. Jy kan teen baie onwilligheid en luiheid vasloop. Jy kan jou vererg vir mense wat skaars aandag gee tydens die erediens en mense wat swyg tydens Bybelstudies. Maar jy bly jou insette lewer, omdat jy al hierdie mense saam sien as Christus se volk en omdat jy Hóm sien wat sy gemeente bou deur sondige mense soos ek en jy.

Gehoorzaamheid is die egtheidstempel van die geloof.

- CH Spurgeon

Wees 'n lewende lidmaat

Aan die einde van die artikel wil ek jou as leser vra om bewustelik jou plek in die kerk in te neem. Wees 'n lewende lid daarvan!

Hoe? Eerstens: deur die kenmerke van 'n regte Christen te vertoon. Kyk byvoorbeeld na Artikel 29 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*. Volgens daardie artikel is jy 'n lewende lidmaat van die kerk wanneer jy die enigste Heiland Christus aanneem, wegvlug van die sonde en geregtigheid najaag.

Jy moet die ware God en jou naaste liefhê, nie regs of links afwyk van die regte pad nie en jou ou natuur met sy werke kruisig. Jy moet ook voortdurend jou toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus ... slegs in Wie jy vergewing van sondes ontvang.

Wanneer jy dit alles jou eie gemaak het, glo ek, het jy jou hande vol. Maar dit is nie erg nie, laat dit maar so wees. Wees maar so 'n opregte

Christen. Moenie skaam wees oor jou rykdom of dit ignoreer nie. Straal jou geloof uit, in die kerk en buitentoe. Laat mense maar by jǒu sien dat die erediens en die viering van die Nagmaal vir

'n Smeulende vlammetjie maak jou nie warm nie, maar 'n massiewe bosbrand kan dit wel regkry.

jou 'n fees is. Wees betrokke by kategeese en Bybelstudies. Laat die blydschap van geloof uit jou straal. Dit kan tog nie anders as om 'n aansteeklike uitwerking te hê nie? Jou vuur sal ander dan mos ook verwarm en geesdriftig maak?

Wees so 'n blye Christen en leef elke dag deur die krag van die Heilige Gees. Hierdeur word verveeldheid en traagheid verdryf. Wanneer ons almal so optree, kry ons nie 'n volmaakte nie, maar wel 'n lewende kerk. Dan voel ons saam tuis in die kerk!

Wat ons van God glo is die belangrikste saak van ons lewe.

- AW Tozer

HOË VERWAGTING

ALT de Bruijne



“Waarom het Ek verwag?”

Jesaja 5:4

Teleurstelling

Kan jy die Here in sy verwagtinge teleurstel?

Jesaja vergelyk die Here met ’n wynboer, wat al sy energie aan sy wingerd bestee het. God het alles gegee in Israel se geskiedenis: telkens bevryding, elke dag versoening, wegwysers vir die lewe, wonderlike beloftes, ernstige waarskuwings, en eindelose geduld. Meer as dít kon God nie doen om hul liefde te wen nie. Sy verwagtings was besonder hoog. ’n Lewe met Hom en met mekaar sou toon wat Hy daaraan bestee het. Sy wingerd sál vrugte voortbring!

Maar “Ek het goeie bestuur verwag, en kyk, dit was ‘bloedbestuur’”.

“Waarom het Ek verwag dat die wingerd goeie vrugte sou voortbring, terwyl dit wilde druiwe voortgebring het?” Dit is ’n aanklag wat ’n mens

ernstig moet opneem. En tegelyk voel jy God se teleurstelling aan – en ook dit raak ’n mens!

Naïef

Het die Here egte verwagtinge? Kyk Hy in gespanne verwagting uit na ons reaksie op sy inset? Is Hy werklik teleurgesteld, terwyl Hy tog wéét hoe diep ons sonde gevestig is? Hy ken sy mense tog deur en deur. Bowendien, God sien die geskiedenis vooruit. Hy sien vooruit hoe Israel sal reageer. Ja, dít gaan selfs ook nie buite sy wil om nie. Maar, roep God nie self sy teleurstelling op deur sy hoë verwagtinge nie?

Meer as dít kon God nie doen om hul liefde te wen nie. Sy verwagtings was besonder hoog.

Sou jy dít by mense nie “naïef” noem nie? Of, maak Hy maar net asof Hy ’n verwagting het en teleurgesteld kan wees?

Liefde

Alhoewel God die geskiedenis vooruit sien, doen dit aan sy lewensegte verhouding met ons geen afbreuk nie. Dat God bo alles verhewe is en vooruit kan sien, is jou troos. Maar, dié troos wil beleef word binne ’n opregte liefdesverbintenis. Daarin is God en ons ernstige deelgenote. God se verwagting is die verwagting van die geliefde. Sy teleurstelling is soos dié van ’n minnaar wat afgewys is. Só ernstig bedoel God sy verhouding met ons. Van hierdie liefdesverhouding spreek hierdie beeld van die wingerd. Jou geliefde is

O God, skryf tog ewigheid op my oë!

- J Edwards

soos 'n wingerd wat jou bly maak (Hooglied 8:12). Jy ervaar God se liefde volgens wat Hy vir die wingerd gedoen het. Wat meer kan Hy nog doen? Dit is nie God se skuld dat die volk geen vrugte dra nie. Hulle sê “nee” vir die ideale eggenoot, en dit raak God opreg en diep. Ons sonde is vir Hom onbegryplik.

Nog meer doen

Kan jy die verwagting van só 'n Geliefde waarmaak? Maak dit ons nie gespanne nie? Funksioneer Sy teleurstelling nie as emosionele druk nie? Om aan hoë verwagtinge te voldoen is tog ongesond?

Maar, God se verwagting van ons word die geheim van óns verwagting van God. Ons gaan die adventsweke in: ons nader weer Kersfees. Daarin leer ons om alles van Christus te verwag.

In Jesaja 5 vra die Here na 'n eeuelange liefdesverhouding: “Wat kon Ek nog meer vir my wingerd doen?” Sou Hy hom tog nie maar daarby kon neerlê dat dit (die wingerd) tot niet gegaan het nie? Meer kon Hy tog nie doen nie?

Sedert Kersfees weet ons beter. God belê sy liefde nog dieper in ons lewens.

Wat by ons tekort skiet, sal in Jesus sigbaar word.

In Hom kan jy met die Geliefde en sy verwagtinge saamlewe, terwyl sy dringende appèl op jou verantwoordelikheid heilsaam bly. En daarom raak Sy teleurstelling jou ook diep: “Ek het alles vir jou gedoen, en kyk”

Die tyd voor Kersfees begin met hoë verwagting.

‘N NUWE NAAM

J Wesseling & E Brink

“Hy wat oorwin, sal Ek 'n wit steen gee”. So lees ons in Openbaring 2:17. En op hierdie steen staan 'n nuwe naam geskrywe waarvan niemand weet nie, behalwe dié een wat dit ontvang.

Dit klink voorwaar na iets wonderliks! Maar wat beteken dit?

Die wit steen is veelseggend. Dit laat ons dink aan die paradys, waar wit en deurskynende stene aangetref is. Hierdie stene in die paradys het gelyk soos 'n kristalhelder diamant (Genesis 2:12). Wit deurskynende stene is in die oudheid ook gebruik as teken van vryspraak, oorwinning of as toegangsbewys.

Dus, 'n skitterende teken! Dit is o.a. my

identiteitsbewys waar 'n nuwe naam op geskryf word.

Gaan ons dan 'n nuwe identiteit kry? Moet ons ons ou een prysgee? Word ons deur ander mense vervang? Mag ons in die toekoms nie meer onself wees nie?

Dit sou vreeslik beangstigend kon wees, maar dit is juis so veelbelowend! Christus wys daarmee aan ons dat Hy, die Seun van God, 'n persoonlike verhouding met sy Christene het. 'n Verbond. Jy is nie net 'n nommer vir Hom nie. Wat is persoonliker as 'n naam! Die nuwe beteken dan ook nie dat daar van die oue ontslae geraak moet word en dat daar heeltemal van nuuts af begin moet word, nie. Nee, die nuwe beteken: totale

Om in enige situasie my persoonlike gevoelens bo die riglyn van die Skrif te plaas, is 'n belediging van God.

- AW Tozer



vernuwing. Jy behou jou identiteit, net radikaal anders.

Christus belowe om 'n totaal ander mens van jou te maak, maar tog bly jy wie jy is. Tot in ewigheid bly jy herkenbaar. Hoe kan 'n mens soms nie daarna verlang om verstaan te word nie, om uiteindelik reg opgesom en waaragtig geken te word. Die kern van ons eensaamheid is dikwels dat ons mis-ken word.

Maar Christus hou vas aan wie jy is. Hy verbind en bly getrou aan die uniekheid wat Vader-Skepper in elkeen van ons gelê het. Hy het selfs 'n unieke verhouding met elke gelowige. Want hoor maar: Dit is 'n naam wat niemand ken behalwe die wat dit ontvang nie. Geen mens is vervangbaarbaar of kan ingeruil word nie. Vir Hom is elkeen van ons 'n kosbare pêrel - 'n diamant in sy oë. Nie een is presies dieselfde as 'n ander een nie. En dit is te wonderlik vir woorde!

Christus sorg daarvoor dat dit wat eie is aan jou, jou mees karakteristieke, na vore kom. Dink net in hoe mooi jou toekoms nou lyk! Hoe misvormd 'n karakter ook al is; hoeseer 'n persoonlikheidsstruktuur ook al aangetas is; ja al die dinge waarmee ouer mense nog kan sukkel vanaf

hulle jeug. Christus sê: daardie persoon maak ek heel, Ek maak hom nuut. Pragtig, skitterend soos nog nooit tevore nie! Die mees persoonlike waarvan sommige nie hier kan ontslae raak nie, kan daar tot sy reg kom.

Maar, sal u dalk sê, is dit alles dan nou net bedoel vir die toekoms? Nee, dit is nie slegs dinge van eendag nie. Dit is 'n belofte wat Christus nou reeds begin waarmaak! Christus werk vandag reeds vanuit die nuwe identiteit wat Hy al voor Hom sien. Hy maak nou al 'n begin daarmee. Hy belowe om u te vernuwe na sy beeld. By Christus word jy weer mens! Nuwe mens! En Hy begin vandag reeds daarmee. Dit maak nie saak watter taak jy gekry het nie. Of jy dalk die huishouding behartig, of 'n eie besigheid besit. Of jy dalk 'n opdrag het as vader of moeder, of as oupa of ouma. Of dat jy die taak gekry het om ongetroud te wees, of afgetree of dalk siek is.

Die nuwe beteken: totale vernuwing. Jy behou jou identiteit, net radikaal anders.

Watter taak jy ook al het, elkeen maak sy eie persoonlikheid 'n deel daarvan. En Christus vat dit alles saam. Hy vat dit saam na die toekoms. Want in die toekoms gaan Hy nie sê dat die hele lewe op aarde niks werd was nie. Nee, dit was dan die skepping van Vader! Wat wel sal gebeur, is dat ons klipharde egoïsme uit dit alles gesny sal word, gepoleer sal word, om die diamant te laat skitter. Soms kyk jy na jouself en na ander en jy dink: onooglik, onmoontlik, wat sal van my, van hom, teregkom? Maar daarvoor het ons Christus, die Seun van die lewende God, wat sy Heilige Gees gegee het om Sy beloftes vir ons en in ons waar te maak.

Geloof as die vrug van die uitverkiesing is ook die bewys van die uitverkiesing.

- RB Kuiper

Die oomblik sal aanbreek wanneer Christus elke Christen aan homself sal voorstel. Dit is vergelykbaar met die spannende oomblik wanneer 'n standbeeld onthul word. Kyk , sê Christus vir jou: Dit is jý. Dit is wat Ek van jou gemaak het. Jy sal kan sê: Here, ek herken myself heeltemal daarin. U het al die slegtheid

daaruit gehaal. Ja, dis ek. Ek is wat ek is. Dit is die mees verrassende, want die nuwe naam is ook Christus se naam. Sy naam en ons s'n sal baie soos mekaar lyk.

Dit is werklik 'n ewige verbond wat ons met hierdie God het!

STAAN VAS IN DIE HERE

E Viljoen

Filippense 3 : 12 – 4 : 1

Elkeen van ons kan getuig van 'n besondere verloop wat ons lewens gehad het. In Filippense vertel Paulus ook iets van sy eie lewensverhaal. Hy kom staan langs ons. Want hy wil ons bemoedig en verder help. Hy wil standvastigheid gee. Daarom skryf hy: “My geliefde broeders, na wie ek ook verlang, my blydskap en kroon, *staan vas in die Here*” (4:1). Sy eie lewensverloop gee hy vir hulle as voorbeeld – 'n voorbeeld van hoe om vas in die Here te bly staan en só jou blydskap in die lewe te bly behou.

Een ding word duidelik uit Paulus se lewe - 'n lewe van blydskap in die Here, is geen oninteressante lewe nie. Dit is geen lewe sonder spanning en uitdagings nie. Dit is nie asof ons klaar alles het wat die Here ons wil gee nie. Selfs as apostel reken hy nie dat hy al alles gekry het wat die lewe met die Here insluit nie. Dit word steeds mooier en meer uitdagend. Hy is nog nie daar waar hy kan sê dat alles in sy lewe volmaak is nie. Hy wil veral dít beklemtoon – die lewe van blydskap in die Here is nie iets wat geniet word, omdat ons die *eindpunt en hoogtepunt bereik het nie*. Dit is ook



byvoorbeeld nie die rede waarom mense belydenis van geloof doen nie. Belydenis van geloofsaflegging is geen eindpunt nie. Wel 'n heel spesiale baken in die lewe. Maar ons wil net soos Paulus daarmee getuig dat ons ons wil uitstrek na die volmaaktheid, asof ons dit al kan vasgryp.

Geloof in Christus bring geen dooie bewegingloosheid in ons lewe nie. Dit bring inspanning. Geloof in Jesus Christus maak ons net al hoe meer bewus van hoe vêr ons nog is van die volmaaktheid. Geloof maak in ons begeertes wakker. Begeertes wat ons tot inspanning bring. Geloof gee ons nooit die gevoel dat ons nou die eindpunt bereik het nie.

Die grootste liefdadigheidswerk in die wêreld is om die Goddelike waarheid aan die ongeligte te bring.

- A Maclaren

Geloof maak ons wel van iets anders bewus. Paulus noem dit “*gegryp wees deur Jesus Christus*”. Jesus Christus het hom *in sy greep gekry*. Jesus Christus het met sy genade en teenwoordigheid Paulus se hele lewe onder Sy leiding en invloed gebring. En wanneer ’n mens se lewe só onder Christus se invloed kom, dan kry jy self greep op die toekoms. In Christus se greep, het jy greep op die lewe.

Paulus dink glad nie dat sy eie greep op die lewe, sy behoud in die lewe is nie. Hy verduidelik: “*Broeders, ek dink nie dat ek dit self gegryp het nie*” (3:13). Hy het nie onsekerheid oor sy standvastigheid in Christus nie. Hy wil slegs maar beklemtoon dat hy diep onder die indruk daarvan is, dat dit Christus se greep op hom is wat sy behoud in die lewe is. Dit is omdat hy vasgehou word in die liefdesgreep van Jesus Christus, dat hy self gryp na “meer van dieselfde” – méér van Christus... hy gryp na die volmaaktheid.

Alles het nie begin toe Paulus begin gryp het nie. Alles begin met ’n heel swak menselewe wat in die magtige genade-greep van Jesus die Here kom. Dink maar aan die ontmoeting met Jesus op die pad na Damaskus. Met sy verlossingsgreep gryp die Here die vervolger van die gemeente en hou hom vas. Nie om hom te wurg nie, maar om hom te beskerm. Te beskerm teen homself in al sy verkeerde ywer.

Want toe Paulus in Jesus se verlossingsgreep kom, het hy geleer om sy krampagtige greep op ’n klomp ander dinge te laat gaan. Dinge wat voorheen vir hom geweldig belangrik was – sy Joodse afkoms, sy godsdienstige ywer – het hy greep op verloor. Hy het agtergekom dat jy nie wanneer jy in Christus se greep gekom het, op al daardie ander dinge greep kan hê nie. Hy vergeet daarom die dinge wat agter is en strek hom uit na wat voor is.

Maar Paulus wil nie by homself bly nie. En ons mag ook nie vandag by hom bly nie. Hy wil dat almal wat in die gemeente in Filippi is, soos hy sal wees. Hierdie “gegryp-saak”, is nie ’n uniekheid aan apostels nie. Dit is ’n gemeentesaak! Vir die hele gemeente moet dit gaan oor die hoë roeping wat ons het in Jesus Christus. Dit gaan oor ’n houding waardeur Jesus Christus vir ons meer waardevol is en steeds meer word, as enigiets wat ek nog ooit voorheen as belangrik beskou het. Paulus vra nie dat hulle almal apostels moet word nie. Hy wil wel die ywer in hulle opwek om dieselfde gesindheid te hê as wat hy het – die gesindheid om niks belangriker te ag as Jesus Christus nie. Dieselfde ywer om steeds meer van Christus te kan hê en te kan ontvang.

Geloof maak in ons begeertes wakker. Begeertes wat ons tot inspanning bring.

Sy aanmoediging was nie om dowe neute nie. Hy hou rekening met die skrikwekkende werklikheid dat nie almal in die gemeente hierdie gesindheid het nie: “*As julle anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar*” (3:15b). In Filippi was dit ook ’n werklikheid dat nie almal in die gemeente dieselfde ywer en toewyding het nie. Sommige is andersgesind. Dit is nie net ’n interessante feit wat Paulus noem nie. Hy spreek die vertroue uit dat die Here dit aan die wat nie dieselfde gesindheid het nie, sal bekendmaak. Hierdie een reël moet in die gemeente geld - in hierdie een reël moet ons eensgesind wees – almal moet hulle uitstrek om die prys in Christus te kan kry. Meer as dit is uit die bouse!

Elkeen in die gemeente het hulle eie verhaal oor hoe hulle deur Christus gegryp is. Nie een van

Geloof is altyd vol verwagting.

- DC Potter

ons se verhale is 'n norm vir die ander nie. Net soos wat Paulus se Damaskusverhaal geen norm is vir ander gelowiges nie. Één ding moet ons wel almal met mekaar in gemeen hê – vergeet dit waarop jou lewe gebou is as dit enigiets anders as Christus alleen is! Ons verlede mag grootliks van mekaar verskil. Ons toekoms egter nie. Ons toekoms kan almal net in een rigting gaan, anders is daar grootliks fout!

Één ding moet ons wel almal met mekaar in gemeen hê – vergeet dit waarop jou lewe gebou is as dit enigiets anders as Christus alleen is!

Ons toekoms moet 'n saam-gryp-na-Christus wees.

GROEI SAAM IN DIE GELOOF!

M te Velde



Saam met die kerk van alle eeue

Met ons geestelike groei staan ons binne in 'n wye ruimte, die ruimte van die kerk van alle eeue. Ons lewe vandag. En dit is ook reg so. Jy het jou eie plekkie van God ontvang. Jy lewe nie in die tyd van Keiser Konstantyn of van Karel die Grote, van Calvin of van Abraham Kuyper nie, maar jy lewe nou, na die jaar 2000, nà die Middeleeue, nà die Reformasie en nà die Verligting. Jy lewe in die tyd van satelliete en rekenaars, van Lady Gaga en Facebook, van Obama en United Nations.

Ons leef nou in hiërdie tyd, in hiërdie konteks, in hiërdie wêreld. Met God se hulp staan ons voor

al hierdie uitdagings. Ons moenie dink dat ons alle antwoorde het wanneer jy die gedagtes, belydenisse en teologiese onderwerpe van die voorgeslagte kan napraat en opsê nie. Dit is nie goed genoeg om net die hele tyd na die verlede te verwys nie. Die kerk is nooit op 'n outomatiese loods ("Eng: 'autopilot') ingestel wat vanuit die verlede ingestel is, nie.

Terselfdertyd moet ek byvoeg: In ons geestelike groei moet ons ons nie losmaak van die kerk van alle eeue, van ons voorgeslagte nie. Dit is baie belangrik om die verbindingskanale met die verlede oop te hou. Daarom is dit goed as daar 'n voortdurende wisselwerking is tussen óns vandag en die breë skare Christene wat vóór ons hul geloof opreg uitgeleef het.

Dit is die uitgangspunt wat ons in die Bybel aantref. Die Bybel lê baie klem op die gemeenskap van die heiliges. Om in die gemeenskap van die kerk voordeel te trek uit mekaar se wysheid, geld nie slegs tussen mense van nou nie, maar ook tussen mense van nou en vroeër. Nee, die oortuigings en geskrifte van vroeër is nie outomaties meer waardevol as dit

Die egte waarde van iets is die "prys" wat dit in die ewigheid sal behaal.

- J Wesley

wat ons vandag vind nie. Hulle moet altyd getoets word aan die Skrif. Maar wat deur die Gees van God goed en vrugbaar was, behou sy waarde.

Dit is waarom kerkgeskiedenis ook belangrik is. So sal ons weet waar om waardevolle skatte te vind, juis met die oog op die geestelike groei in ons tyd. So sal ons ook weet van seënryke paaie en van ou struikelblokke wat daar is. Op hierdie basis kan ons weet hoe om goeie geestelike leiding gee aan vandag se gemeentes. Om aansluiting te soek by die kerk van alle eeue, sal dikwels 'n gunstige korreksie wees op jou eie denkwysse. Wanneer jy 'n breër oorsig het, verstaan jy baie beter jou eie posisie en sien jy beter hoe dinge wel en nie moet gebeur nie.

In ons eie tradisie is daar byvoorbeeld eensydighede. Daarom moet ons nooit 'n tradisie tot norm verhef nie. Ons moet ons denke altyd weer verfris en vernuwe deur te put uit die lewensbron, die Heilige Skrif. Die kerkgeskiedenis kan ons help om ook na ander punte te kyk as net na die wat reeds in ons tradisie-pakket vassit.

Tegelykertyd moet 'n mens nie jou eie tradisie afskryf en net spottend daaroor praat nie. Want elke periode in God se geskiedenis met sy kerk het haar eie waarde en behou dit ook vir die toekoms.

Laat ons bid en werk vir geestelike groei vandag, in dankbare verbondenheid en gemeenskap met die kerk van alle eeue. Ons put uit 'n waardevolle erfenis van baie eeue, uit werk van Augustinus, Luther, Calvyn, Voetius, Jonathan Edwards, Kuyper en nog vele meer. Ons soek positiewe aansluiting by die goeie wat God in vroeëre tye al geskenk het. Dit is onmisbaar. Ons groei saam. Saam met die kerk

van alle eeue.

Saam met Christene oor die hele wêreld

Groei vind ook plaas saam met alle heiliges, saam met ander Christene oor die hele wêreld, saam met die “katolieke” (universele) kerk. Die kerk is immers nie net eeue oud nie, maar sy is ook wêreldwyd. Die kerk is verspreid oor die hele wêreld - wêreldkerk. Dit is so wonderlik wanneer jy na die werk van die Here kyk, dat Hy nie aan 'n bepaalde land of kultuur gebind is nie!

Om aansluiting te soek by die kerk van alle eeue, sal dikwels 'n gunstige korreksie wees op jou eie denkwysse.

Wanneer die Here God sy kerk 'n wêreldkerk laat wees, vra dit van ons ook 'n “katolieke” ingesteldheid. Ons moet ons begrip van God en sy Woord nie binne die grense van ons kultuur, ons nasie of ons spesifieke tradisies vaskeer nie. In God se openbaring is daar mos 'n geweldige breedte, lengte, hoogte en diepte. Ek dink aan Efesiërs 3:17-19: Jy kan net die liefde en volheid van God verstaan, *saam met alle heiliges*. In Hom is daar 'n volheid van lewe, 'n rykdom aan heilsgeheime. Sy Woord is soos 'n ryk goudmyn, waarin steeds nuwe aspekte en aksente ontdek word. Jy het mekaar daarin nodig.

Katoliek-Christen wees beteken dat jy jou volledig verbind aan die Woord van God. Die katolieke ruimte van die kerk is nie wyer en rekbaarder as die ruimte van die Skrif nie, dit is waar. Maar ons moet wel ons ore en oë na alle kante toe oophou! Wees bly vir die kommunikasie moontlikhede wat ons vandag het, waardeur die geestelike rykdom van ver

“Wie werk die verlossing?” Die uiteindelijke antwoord van die gelowige op hierdie vraag bepaal of hy sekerheid kan hê in sy lewe.

- LS Chafer

lande ook tot ons voordeel kan wees.

Wat beteken dit vandag vir ons situasie? Ek noem twee dinge. Aan die een kant mag ons nie eenkennig wees nie. Laat ons met vrymoedigheid 'n "ekumeniese" kerk wees. Ons mag nie alles met argwaan benader wat nie direk uit ons *eie* kring kom nie. Dit is nie 'n katolieke houding nie. Laat ons ten volle voordeel trek uit dit wat ander Christene in die wêreld uit die Skrif gedelf en deurdink het. Wanneer iemand deur die lees van boeke uit Europa of Afrika of Asië opgebou word *in die ware geloof*, laat ons die Here dan daarvoor dank. Daar is niks verkeerd daarmee nie. God het ons nie verniet 'n plek in 'n wêreldkerk gegee nie.

Aan die ander kant is dit nie 'n goeie ding as ons geesdrif oor ander groepe of buitelandse Christene en hulle gedagtegang 'n *eksklusiewe* trek begin kry, asof die ware lig eintlik net by hulle te vinde sou wees nie. Dan beland jy gou in 'n sfeer wat ewemin "katoliek" is.

Oor en weer kan Christene uit verskillende lande by mekaar leer, mekaar aanvul, mekaar reghelp en mekaar verryk. Ons moet dankbaar wees vir sulke ekumeniese wisselwerking!

Saam in jou eie gemeente

Geestelike groei is iets wat jy saam in jou eie gemeente doen. Ek dink weer aan Efesiërs 4. Vers 16 beskryf die gemeente as "*goed saamgevoeg en saamverbind*". 'n Liggaam waar alles vassit en op sy plek is, wat deur senings en spiere bymekaar gehou word, waarin ons só saam na Christus toe groei.



Die Here plaas jou in 'n netwerk van die plaaslike kerk, met al haar voor- en nadele, haar 'ups' en 'downs.' Hierdie netwerk se middelpunt is die samekomste van die gemeente. Hier vind jy die eerste en belangrikste middele vir geestelike groei: die prediking van die Woord, die doop en die nagmaal. En daaromheen ook ander, baie opbouende middele, byvoorbeeld: saam uit die Bybel lees en dit bespreek, saam lofsing tot eer van God ens.

'n Mens moet altyd saam groei, en altyd primêr in jou eie gemeente. Dit beteken ook dat ons onself as gemeente moet toets en bewaak, veral ook op die volgende punt: Wat dra ons gemeente-wees by tot die groeiproses na

Christus toe - met alles wat daar binne haar gebeur? Soos die prediking, kategetiese, pastorale werk, Bybelstudie, diakonale werk, ens.? Dra dit alles werklik by in die groeiproses na Christus toe?

Ons mag die vraag vra ten opsigte van alle werksaamhede van die predikante en ouderlinge. Ons mag ook hierdie vraag vra as dit gaan oor die onderlinge kontak in die gemeente. Dit moet vir ons 'n groot bekommernis wees wanneer sommige ernstig gelowige mense die geestelike klimaat in ons gemeente oppervlakkig vind, as hulle die gevoel ervaar dat hulle iets daar kortkom, as hulle kla oor die lae geestelike gehalte van gesprekke en die karige resultate van Bybelstudies. Hulle laat weet jou dat hulle boeke lees en byeenkomste bywoon waaruit hulle meer geestelike verdieping en wins put as wat hulle in hul eie gemeente ontvang. Dit is 'n pynlike teken dat daar iets nie reg is nie.

Dit is omdat Christene so min dink aan die toekomstige wêreld dat hulle so oneffektief in hierdie wêreld geword het

- CS Lewis

Dan is dit nie genoeg om net te sê: 'Jou plek is hier' nie. Ons sal eerlik die dinge onder oë moet neem. Ons groei saam. Dan neem jy dit ook ernstig op wanneer daar opregte kritiek van 'n broeder of suster kom. Eerstens moet die predikant homself afvra: 'Waar is die moontlike tekort in my preke?' Daarna volg die ouderlinge met die vraag: 'Het ons huisbesoek voldoende diepgang?' Saam moet ons onself afvra: 'Is daar by ons voldoende gerigtheid op die hart van kerk-wees: die godsvrug?' Ons moet ook na ander faktore kyk wat geestelike groei sou kon belemmer, byvoorbeeld: gemeentes wat te groot is, ongeestelike werkwyses, onvoldoende insette om kerk te wees vir die wêreld daar buite.

'n Mens moet altyd saam groei, en altyd primêr in jou eie gemeente.

Juis wanneer ons só eerlike selfondersoek wil doen en ons bekeer, dan mag ons ook iets sê oor die risiko's van onvrede binne die gemeente. Want dit is nie reg wanneer daar naas die gewone gemeentelewe 'n ander pad ontstaan,

waar mense buite hul eie gemeente ekstra geestelik aangevul moet word nie. Natuurlik stop die gemeenskap van die heiliges nie by die grense van die plaaslike kerk nie. Mens 'groei ook saam' met mense buite die gemeente. En dit is ook reg wanneer jy daarvoor na 'n ander dorp ry en daar saam met ander Christene ontmoet en saam met hul luister, bid en sing.

Maar dit mag nie kompetierend wees vir die opbou en saambinding in jou eie gemeente nie. Geen kompetisie, geen elite-vorming, geen groepsvorming, geen afskeping van jou eie gemeente nie. Want jy groei saam. Allereers daar waar die Here jou 'n plek gegee het: by broeders en susters naby aan jou.

Tenslotte

Saam groei ons geestelike na Christus toe.

Saam met die kerk van alle eeue.

Saam met Christene oor die hele wêreld.

Saam in jou eie gemeente.

Laat hierdie gesamentlike geestelike groei maar bó-aan ons agenda staan. Ook by die huis!

Jesus het aan sy dissipels gesê om dissipels te gaan maak, nie bekeerlinge nie. 'n Dissipel is 'n lewenslange student wat 'n kruis dra terwyl hy sy Meester volg.

- M vander Hart